JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

Junie 2015

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1.	**Agter 'n baard**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**4**
EN				
2.	**Baby**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**6**
EN				
AFDELING A: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
3.	**Brief**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**8**
EN				
4.	**Die hanswors**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**10**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Agter 'n baard – Hennie Aucamp

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Tuis onttrek Deon hom aan Marina en Bennie. "Ek sal niks waardeer voor ek my nie gereinig het nie, soos die Bybel sê. Marina hoor hoe hy hom insluit in die badkamer, maar voel nie geaffronteerd nie: Deon se badkameruur is altyd sy eie. In elk geval het sy dinge om na om te sien: die ete; vars blomme vir die tafel; Bennie se ete.
lets bly haar kwel: die baard. Dis asof sy nie heeltemal tot Deon kan deurdring nie. Nuanses van kwetsbaarheid en teerheid bly verskole agter sy baard; deel van sy nuwe ervarings ook.
En sy het 'n reg op sy belewenisse, want hoe anders kan sy hom troos?
Sy briewe was so weinigseggend. Daar was die "liewes", van aanhef tot slot, of die onverwagte poësie van: "Jou lyf is my sekuriteit"; maar van oorlog het hy niks gerep nie. Instruksies, neem sy aan: "Moenie paniek saai nie." 'n Paar van sy onskuldige briewe is selfs gesensureer.
Bennie begin vaak word; knies oor sy bord kos: "Wanneer kom Pappa?"
Sy is self haastig, want sy hoop dat die "reiniging" volkome gaan wees: 'n Deon sonder baard. Nooit, vandat sy hom ken, het hy ooit 'n baard of snor probeer kweek nie. Hy is nie die tipe nie; kwetsbaar, gevoelig, maar óóp - dis sy styl.
Die baard kleef nog aan hom toe hy uit die badkamer kom; doen afbreuk aan die vars reuk wat hy saambring.
Marina pruil: "Ek dog ek gaan jou van aangesig tot aangesig sien."

1.1. Wat beteken dit as Marina in reël 15 "hoop dat die "reiniging" volkome gaan wees"? 1

1.2. Wat het Marina gedoen met betrekking tot kos wat sy gemaak het om haar man selfs nog meer tuis te laat voel? 1

1.3. Pas kolom A by Kolom B en skryf net die vraagnommer (1.3.1-1.3.4.) en die letter (A-D) neer.

Kolom A		Kolom B	
1.3.1.	Marina	A	Aanvaar later die baard.
1.3.2.	Deon	B	Sê die baard maak seer.
1.3.3.	Bennie	C	Hou van die stief baard.
		D	Hou niks van die baard nie.

3

1.4. Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer (1.4.1.-1.4.3.) en die antwoord neer.

1.4.1. (Bennie en Marina/Marina en Deon) het 1.4.2. (lughawe/stasie) toe gegaan om 1.4.3. (Deon/Bennie) te haal wat van die 1.4.4. (buiteland/grens) af gekom het. 4

1.5. Verduidelik die volgende uittreksel uit die verhaal: “maar die kameras soek haar uit omdat sy groter simboolwaarde het as die ander” 2

1.6. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer (1.6.1-1.6.2) en die antwoord neer.

Die luidsprekers hou vol, oor en oor: “Ons vir jou, Suid-Afrika.”

Die bogenoemde uittreksel uit die verhaal is ‘n baie goeie voorbeeld van 1.6.1. (vooroordeel/gevoelstaal) omdat die skrywer wil hê die leser moet simpatie hê met die soldate wat 1.6.2. (self verkies het/geindoktrineer was) om op die grense te gaan veg, 2

1.7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.7.) en die letter (A – D) neer.

Hoekom is Deon se hande bruin?

A Hy het vir lank nie gebad nie.
B Hy was vir lang tye in die son.
C Hy moes die motors verf tydens die oorlog.
D Hy moes motors regmaak tydens die oorlog. 1

1.8. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer (1.8.) en die antwoord neer.

Die tema van die verhaal is (dit is nie goed om ‘n baard te groei nie/oorlog het ‘n negatiewe psigologiese uitwerking). 1

1.9. Voor 1993 moes wit tienerseuns na graad 12 twee jaar verpligte weermagdiens doen. Dit het ‘n basiese opleiding van ses maande behels waarna die seuns opdie grens moes gaan baklei het.

1.9.1. Noem een voordeel van die bogenoemde wetgewing. 1

1.9.2. Noem een nadeel van die bogenoemde wetgewing. 1

[17]

EN

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Baby – E. K. M. Dido

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die Vrydagoggend stamp ek en Ma mekaar om eerste by die deur uit te kom toe ons die benoude skreëry van alle oorde af hoor. Ma is skaars buite, of 'n vrou skree vir haar van die werf onderkant ons: “Heiden, Tinkie! Wat vir 'n sonde laat jy jou huis inkom? Laat daai kaalgat tjint haarself aantrek voor die hele dorp se manne haar skaamtes sien!”
Ek en Ma kyk verward na mekaar. Ek het my verbleikte huisrok aan wat net bokant my knieë hang. Antie Poppie wat langs ons bly, skree na Ma toe: “Nie jóu tjint nie, Tinkie. Dis die tjint wat sjister hier aangekom het. Sy't wragtag oop en bloot daar van ouma Stienie se huis af tot hier geloop. Aarde!”
Toe Ma vir Baby sien, hyg sy na asem en gryp die voorkant van haar bors vas. My oë rek. Só iets het ons nog nie gesien nie! Behalwe vir die stukkies pienk lap wat Baby oor haar pramme en om haar heupe het, is sy poedelnaak. En dit lyk nie of haar kaalgeit haar pla nie, want sy glimlag met almal en swaai haar hande in 'n soort groet waar sy by ons sinkbad langs die huis staan. Al die grimering op haar gesig is afgewas en sy lyk nou baie jonk. Terwyl Ma nog na asem soek, staan antie Poppie nader na die erfdraad toe om vir Baby beter te kan sien. “Heiland, Tinkie, die is mos nog skoon tjint! En hoe lyk sy dan vir my nes een wat dik gedrink is!”

2.1. Wat is die naam van die “ek” in reël 1. 1

2.2. Tannie Poppies sê in reël 18: “Heiland, Tinkie, die is mos nog skoon tjint! En hoe lyk sy dan vir my nes een wat dik gedrink is!”

2.2.1. Is die eerste deel van wat tannie Poppie sê waar of onwaar. Gee ‘n rede vir jou antwoord. 1

2.2.2. Is die tweede deel van wat tannie Poppie sê waar of onwaar. Gee ‘n rede vir jou antwoord. 1

2.3. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die VRAAGNOMMER (2.3.1. – 2.3.2.) en die ANTWOORD neer.

Attie en Baby was oppad van 2.3.1. (Johannesburg/Oos-Londen) na 2.3.2. (Johannesburg/Oos-Londen) toe hulle motor net buitekant Nqamakwe 2.3.3. (‘n pap wiel gekry het/se enjin onklaar geraak het) waar 2.3.4. (sersant/kaptein) De Wit hulle gehelp het. 4

2.4. Hoekom wou die verteller in die verhaal baie graag maats wees met Baby? 1

2.5. Die vertleller sê in die verhaal: “Ek het al baie vreemdelinge uit die stad gesien, maar tussen oud en jonk het ek nog nooit iemand soos sy gesien nie”.

Noem twee kenmerke omtrent Baby se voorkoms wat haar dit laat sê het. 2

2.6. Wat het Attie gesê is sy beroep? 1

2.7. Wat was Attie se verskoning toe die verteller Baby genooi het om saam met haar en Toetsie te gaan netbal speel? 1

2.8. Mevrou De Wit was verantwoordelik daarvoor dat Attie gearresteer was.

Is die bogenoemde stelling waar of onwaar en gee ‘n rede vir jou antwoord. 1

2.9. Waavoor was Attie geareesteer? Noem twee feite. 2

2.10. Hoe weet ons uit die verhaal dat Claudine Grootboom, alias Baby, se familie in Pretoria, alles in hulle vermoëns gedoen het om haar te probeer kry? Noem twee feite. 2

2.11. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (2.11.) en die LETTER (A – D) neer.

Die mees pertinente tema van of boodskap in die verhaal is…

A vreemdelinge sal mense help wat hulp nodig het.
B kinders word ontvoer, bedwelm en as seksslawe aangehou.
C jy moet jou motor vir ‘n diens stuur voordat jy ‘n lang rit onderneem.
D die polisie is baie effektief met die opspoor van kinders wat ontvoer is. 1

[18]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Brief – F. R. Abrahams

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Brief

Mammie, ek skryf ook vir Ma ‘n kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma “jy” sê nie
want dit hoort vir my
nes plastiekblomme en wit skoene nie by Ma nie
Ek het grootgeword, weet Ma –
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil ‘n oorring dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
– ek wonder of Ma van my verse sal hou –
Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
en ek het nie
        kon nie
‘skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind
                grootmenskind
                anderster kind

F.R. Abrahams

3.1. Vir wie skryf die F. R. Abrahams die gedig? 1

3.2. Haal een woord aan in reël 1 wat sê dat die digter nie die eerste digter was wat ‘n gedig met die tema geskry het nie. 1

3.3. Haal een woord aan van reëls 1 tot 4 wat sê dit is nie ‘n gekompliseerde gedig nie. 1

3.4. Haal een woord aan in reël 7 wat sê dat die digter nie meer ‘n kind is nie. 1

3.5. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die vraagnommer (3.5.1. – 3.5.2.) en die antwoord neer.

Die digter sê plastiekblomme pas nie by sy ma nie want 3.4.1. (hy resprekteer sy ma /dit is vals en sy ma is nie) en die woord "jy" pas ook nie by sy ma nie want (hy resprekteer sy ma /dit is vals en sy ma is nie). 2

3.6. Haal die gedeelte van 'n versreël aan wat sê dat hy te groot geword het vir sy skoolbaadjie. 1

3.7. Haal een woord aan wat sê dat hy net partykeer vir homself skrik. 1

3.8. Haal 'n versreël aan wat sê dat hy nie kort hare het nie. 1

3.9. Haal een woord aan wat sê dat hy daaraan dink om 'n oorring te laat insit. 1

3.10. Haal 'n versreël aan wat sê dat hy nie meer so gelowig is nie. 1

3.11. Haal een woord aan wat sê dat hy nie weet of sy ma van sy gedigte sal hou nie 1

3.12. Pas die versreël in Kolom A by die stylfiguur in Kolom B. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.12) en die LETTER (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
3.12.1.	grootmenskind	A	Litotes
3.12.2.	– ek wonder of Ma van my verse sal hou –	B	Assonansie
3.12.3.	ne**s** pla**s**tiekblomme en wit **s**koene	C	Kontras
3.12.4.	**Mammie**, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig	D	Parentese
		E	Alliterasie

4

3.13. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.13.) en die LETTER (A – D) neer.

Wat is die tema van die gedig?

A Die digter haat sy ma.
B Die digter konfronteer sy ma oor sy so streng was.
C Die digter is lief vir en respekteer sy ma al was sy streng.
D Die digter wil sy ma inlig dat hy nie meer haar kind wil wees nie. 1

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die hanswors* – S. J. Pretorius**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die hanswors

Oor sy afsigtelike boggel
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in 'n hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
'n brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk en drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het 'n brief gekom eendag ...
Hy't oor die bed gebuk, verblind,
terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ..."

S.J. Pretorius

4.1. Haal een woord aan in die eerste strofe wat sê dat die hanswors se rug nie normaal was nie 1

4.2. Watter woord sê die hanswors se gebrek was nie mooi om na te kyk nie? 1

4.3. Haal een woord aan wat sê dat die hanswors se rugraat nie reguit is nie. 1

4.4. Haal TWEE voorbeelde aan van hiperbool in die eerste strofe. 2

4.5. Haal twee apparte woorde aan wat 'n antitese of teenoorgetseldes is in reël 5 en 6. 2

4.6. Kies die korrekte antwoorde en skryf net die vraagnommer (4.6.1. – 4.6.2.) en die antwoord neer.

Die stylfiguur wat aan die einde van reël 22 gebruik word staan bekend as 4.6.1. (ellips/inversie) en die funksie daarvan in díe geval is 4.6.2. (omdat die digter nie aan nog woorde kon dink nie/om 'n verwagting te skep). 2

4.7. Haal 'n woord aan uit stofe 2 wat sê dat die hanswors se medewerkers / kollegas / die ander kunstenaars minagtend na hom verwys. 1

4.8. Hoe gereeld het die hanswors 'n brief gekry. 1

4.9. Haal twee opeenvolgende woorde aan wat sê dat al die mense wat na die sirkus toe gaan vir die hanswors lag. 1

4.10. Haal een woord aan in strofe 4 wat sê dat die hanswors se medewerker niks van hom hou nie. 1

4.11. Haal een woord aan in die strofe 4 wat sê dat die hanswors nie vriende het nie. 1

4.12. Kies die korrekte antwoord. Die gedig is van 'n hanswors wat (gelukkig / ongelukkig) is. 1

4.13. Pas die dialoog in Kolom A by die karakters in die gedig in Kolom B. Skryf net die vraagnommer (4.13) en die letter (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
4.13.1.	"Hy stink altyd na drank"	A	Die toeskouers.
4.13.2.	"Hy is die rede dat ek baie geld maak."	B	Die hanswors se ma.
4.13.3.	"Dankie dat jy geld gestuur het."	C	Sy kollegas.
		D	Die sirkusbaas.

3

[18]

TOTAAL AFDELING B 35

VRAESTEL TOTAAL 70